### 1.1.1 MA (Kreatiewe Skryfkunde)

*Programkode*

12183 – 879(180)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

ŉ Honneursgraad in een van die volgende tale: Afrikaans, Duits, Engels, Frans of ŉ Afrikataal, óf ŉ gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam ag.

*Sluitingsdatum vir Aansoeke*

Keuringsaansoeke gerig aan die programkoördineerder moet die Departement Afrikaans en Nederlands nie later as 30 September van die voorafgaande jaar bereik nie.

Toelating is onderhewig aan seleksie wat in November van die vorige jaar plaasvind. Besonderhede van seleksie is van die Departement of op die webtuiste verkrygbaar.

*Programstruktuur*

Die program word aangebied op ŉ voltydse grondslag. Dit kan kampusgebaseerde seminare, lesings en werkwinkels insluit. Jy skryf **óf** ŉ oorspronklike literêre teks en ŉ verbandhoudende literêr-teoretiese beskouing, **óf** andersins ŉ vollengte tesis.

Let wel: Daar sal nie noodwendig elke jaar nuwe studente tot die program toegelaat word nie.

*Programinhoud*

*Verpligte module*

| | |
|---|---|
| 12184 : Tesis (Kreatiewe Skryfkunde) | 872(180) |

*Assessering en Eksaminering*

ŉ Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

*Navrae*

Programkoördineerder: Dr Willem Anker

Tel: 021 808 2163   E-pos: anker@sun.ac.za

Webadres http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch